

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

ds. PJ Kriel

03.12.2017

Inhoud Hierdie preek wys dat die verskil binne die Christelike gemeenskap vandag tussen God se spesiale kinders en sy gewone kinders, reeds aangepreek was deur die apostel Johannes in sy eerste brief. Die moderne Christelikheid skep die verskil tussen gewone bekeerde Christene en spesiale godsvervulde Christene. Die geestelike oordeel van hierdie godsvervuldes oor gelowiges is die broederhaat wat Johannes uitwys. Johannes wys dat hulle ervaring van goddelikheid hul in die waan van oorwinning oor hul sondigheid laat leef, hul ervaring van goddelikheid nie die liefde van die wet is nie en dat hul intieme eie wees met God nie kennis van God is nie. Teenoor die gewaande onderskeid van God se spesiale kinders en sy gewone kinders stel die apostel die werklike verskil: die verskil tussen kinders van God en kinders van die Duiwel. Hy wys dat hierdie godsvervulde geestelikes is kinders van die Duiwel, nie God se spesiale kinders nie. Op hierdie wyse bevestig Johannes die onderlinge verbondenheid van gelowiges met Christus en met mekaar as die ware gemeenskap van die kerk. Johannes wys dat vandag se godvervuldes is kinders van die Duiwel.

Skriflesing 1 Joh. 1:8, 9; 2: 3-9, 22, 23; 3: 1-3. 9, 10, 21-23; 4: 23; 5:1, 19-21.

Teks 1 Joh.3: 1 “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook!”

Tema Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

1. Die apostel Johannes spreek 'n baie spesifieke geestelike houding in die vroeë Christelike gemeentes aan in hierdie kort brief: broederhaat! Die gelowiges leef in hierdie onhoudbaarheid dat hulle gehaat word deur mense wat deel van die gemeente is.

Die absurde van hierdie broederhaat was dat mense in hulle liefde vir God bemagtig was, om die ander lidmate in die gemeente te mag haat. Hierdie was nie persoonlike haat nie, maar 'n geestelike haat in die Naam van God. Johannes wys dit uit in die woorde: “As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar.” Daarmee bedoel die apostel dat die tipe liefde waarmee hulle God liefhet, is 'n leuen, want hulle liefde vir God maak dat hulle medegelowiges haat.

Die effek van hierdie broederhaat op hulle wat gehaat was, was dat die gelowiges nie meer in hulle gewete seker was of hulle hoegenaamd nog kinders van God is nie. Hierdie broederhaat het hulle so bevange in hul self gemaak dat hulle nie meer deel gevoel het of hulle self deel geglo het van God se liefde nie. (1 Joh.3:19-22)

Dit is die diepte van die ontwrigting van hierdie oënskynlike broederhaat: hoe kan God my lief hê as sy kinders my haat?

In hierdie verwarring en ontwrigting in hulle sekerheid oor God se liefde, spreek die apostel die oorsaak van hulle ontwrigting aan en wys Hy weer aan hulle dat hulle

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

werklik deel van God se liefde is. Hierdie brief is 'n versekering aan die gelowiges dat hulle kinders van God is en nie is soos hulle deur hierdie geestelikes voor gehaat word nie.

Hierdie versterking in die geloof is die bedoeling en strekking van hierdie hele brief.

2. Wat was hierdie broederhaat in die gemeente?

Hierdie tipe broederhaat noem ons vandag "geestelike hoogmoed".

Dit gaan oor mense wat glo dat hulle so besondere band met God het, dat hulle God se spesiale kinders is terwyl ander net God se gewone kinders is. Hulle het anders, as die gelowiges, so besondere band met God dat hulle verhef is bo die gewone lidmaat van die gemeente. In hierdie gewaande spesiale verhouding met God, minag hulle die ander lidmate as mense wat nie werklik geestelik is nie.

Dit was die haat van mense wat hulle self gesien het en ervaar het as God se spesiale kinders. Wat hulle volgens hul self só spesiaal vir God gemaak het, was 'n ander tipe Jesus as die Jesus wat die ander lidmate geken het. Volgens hierdie sogenaamde spesiale kinders van God het hulle volgens hulle self 'n baie meer geestelike Jesus geken het as die tipe Jesus wat die ander lidmate in die gemeente in geglo het.

Uit die brief self sien ons duidelik wie is hierdie meer spesiale Jesus as die Jesus wat ander lidmate geken het. Vir hulle was Jesus nie God self wat mens geword het nie. (Joh.1:14) In hulle geestelikheid kon hulle nie glo dat God so iets kon doen of so Persoon kon wees nie, God wat Homself kontamineer en besmet met mense se menslikheid. Johannes wys hoe lyk die nuwe tipe geestelike Jesus wat hulle vir hul self opgemaak het uit met die woorde: "Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris." (1 Joh. 4: 2 en 3)

Hulle Jesus was 'n gees, nie vlees nie. Hulle Jesus was goddelik, nie 'n mens van vleis en bloed nie. Hulle Jesus wat nie mens van vleis en bloed is nie, maar ook nie self God is nie, het hulle baie nader aan God gebring en baie meer intiemer gemeenskap met God laat ervaar as die tipe Jesus wat die ander lidmate in geglo het: Jesus wat God en mens is.

3. Hierdie geestelike Jesus het vir hierdie spesiale kinders van God iets gedoen wat die Jesus waarin die ander lidmate geglo het, nie vir hulle gedoen het nie. Hierdie geestelike Jesus het hulle 'n nuwe lewe gegee waar hulle nie meer gesukkel het met sondigheid en sonde nie. Hierdie geestelike Jesus het hulle so vry gemaak van sondigheid en sonde, dat hulle nie meer daarmee gesukkel het nie.

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

Die apostel Johannes spreek hierdie geestelike ervaring van vryheid van die gesukkel met sondigheid in twee verse direk aan:

“As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie.” (1 Joh.1:8) “As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.” (1 Joh.1:10)

Die tipe Jesus wat hulle ervaar en beleef het, het hulle so met God se goddelike krag, mag en lewe vervul, dat hulle nie meer met sondigheid gesukkel het nie. Hulle het hul sondigheid oorwin deur die goddelike krag, mag en lewe wat hulle met Jesus gedeel het.

Daarom het hulle gelowiges gesien as mens wat nog nie hul sondigheid oorwin het nie. Dit was die diepte van die minagting – hulle het gelowiges geminag as mense wat steeds in hul sondigheid geleef het, terwyl hulle met hulle geestelike verhouding met Jesus die sondigheid oorwin het. Broers wat broeders minag wat nie hul sondigheid kan oorwin nie.

4. Hierdie broederhaat van geestelikes wat hul sondigheid oorwin het, het God se liefde vir sondaars verdag gemaak. Dit het die geloof geskep dat God gewone kinders het wat met hul sondigheid sukkel en dan spesiale kinders het wat hul sondigheid oorwin het en Hom voluit lief het. Die gewone kinders wat nog met hul sondigheid sukkel moes weet, en hul self sien, as mense wat nog nie God se volle liefde ontvang het of mense wat God nie regtig liefhet nie.

Dit is die diepte van die broederhaat: om gelowiges in hul geloof in God se liefde te ontwortel en in hul liefde vir God te ontwig! Om gelowiges in hul gewete gekweld te laat leef dat hulle nie aan God behoort nie. Hierdie gekweldheid spreek die apostel direk in 1 Joh. 3: 1- 22 aan om gelowiges juis van die teendeel te verseker.

5. Hoe kan God my lief hê as sy kinders my haat?

Wanneer ons die brief 1 Johannes lees as die antwoord op hierdie vraag, dan ontsluit die hele brief vir ons in sy volle betekenis en in die besondere antwoorde wat die apostel aan die lidmate gee wat met hierdie gekweldheid in hulle gewete leef.

Seker die ingrypendste stelling teen hierdie spesiale kinders van God, is die stelling “want enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. Wie anders is dat wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is. (1 Joh.5:4,5)

Gelowiges oorwin nooit hul eie sondigheid nie. Hulle sukkel nog steeds en altyd met hul sondigheid. Die oorwinning oor sondigheid, is dat hierdie sondigheid ons nooit

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

van God se volkome liefde kan skei nie. Vir hierdie sondigheid is daar geen straf of oordeel nie, want dit het Jesus Christus in ons plek vir ons op Hom geneem.

Daarom kondig die apostel aan, dat ons sondigheid nie maak dat ons buite God se liefde is nie: “Wie bely dat Jesus die Seun van God is, (in my plek my straf en oordeel as mens gedra het) God bly in hom en hy in God.” (1 Joh. 4: 15)

Daarom kan en mag geen Christen 'n ander Christen minag omdat hy sukkel met sy sondigheid nie. Elke gelowige wat sukkel met sy sondigheid, het oorwin: deur sy geloof in Christus bly hy binne God se volkome liefde. Daarom is die antwoord op die vraag: hoe kan God my lief hê, as sy kinders my haat dat God my nie minag vir my sondigheid en my gesukkel met my sondigheid nie. Hulle wat my daarvoor minag, glo nie in Hom as Vader nie.

6. Die volgende ingrypende stelling teen hierdie sogenaamde spesiale kinders van God en hul minagting vir gelowiges is: “Die liefde van God bestaan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam.”

Hierdie sogenaamde spesiale kinders van God het God op 'n heel ander manier liefgehad as om sy gebooie te gehoorsaam. Hulle liefde vir God was om met God so intiem om te gaan dat hulle hul ingeleef het in die krag, lewe en kennis van God. Hierdie geestelikheid in daardie tyd word vandag gnostiek” genoem. Gnostiek beteken “kennis”, maar dan in die sin van om God se eie goddelike kennis as jou eie kennis te hê. Hulle liefde vir God was om een te word met god in sy kennis, sy krag, sy mag en sy lewe. Dit is die hart van alle afgodsdienste – identifikasie met God in sy goddelikheid. Dit wys die apostel met die sin waarmee hy afsluit – “Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af.” Hulle het hul identifikasie met God as God se spesiale liefde ervaar.

Daarom ook hulle minagting vir die gelowiges. Volgens hierdie spesiale kinders van God, was gelowiges nie werklik lief vir God nie, omdat hulle hul self nie in God ingeleef sodat God sy eie kennis, krag en lewe met hulle gedeel het nie.

Dit is hierteenoor dat die apostel dan stel dat liefde vir God, is nie om deel te wees van God se krag, lewe en kennis nie, maar om God se gebooie te gehoorsaam. Kinders van God se kenmerkende liefde vir God is gehoorsaamheid aan God se gebooie, nie inlewing en ervaring van God se krag en lewe as hul eie nie.

7. Volgens die geestelikheid van hierdie sogenaamde spesiale kinders van God sou Jesus die eerste geestelike mens gewees het wat goddelikheid vir mense moontlik gemaak het. Jesus was volgens hulle nie 'n gewone mens van vleis en bloed nie en Hy was ook nie die Skepper God nie.

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

Jesus was vir hulle die Persoon wat in Homself goddelik was. Hy was die een wat volgens hulle dit moontlik gemaak het dat mense deel kan word van die kennis, die lewe, die krag en mag van God.

Johannes wys dat Christus totaal iets anders kom doen het as om dit vir mens moontlik te maak om geestelik te word. Jesus het gekom om dit vir gelowiges maklik te maak om die geboorte van God te onderhou: "Sy geboorte is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie," (1 Joh.5:3)

Die rede hoekom die geboorte van God nie meer moeilik is om te gehoorsaam nie, is omdat Jesus gehoorsaamheid aan die Tien geboorte kom verander het. Die nuwe gehoorsaamheid aan die Tien Geboorte klink so: "En dit is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê. (1 Joh.3:23) Hierdie is volgens Johannes self die nuwe gebod wat hy aan gelowiges voorskryf.

Die nuutheid is dat dit wat Johannes "die ou gebod" noem, so geklink het: Julle moet God en julle naaste liefhê." Die nuwe gebod klink so: "Julle moet in sy Seun, Jesus Christus glo en God en julle naaste liefhê. (1 Joh. 2: 7,8) Die ou gebod wat "jy moet God en jou naaste liefhê", terwyl die nuwe gebod so klink: "Jy moet in Christus glo, en God en jou naaste liefhê." Nie meer net gehoorsaam wees nie, maar glo en gehoorsaam wees, glo in Christus en wees gehoorsaam.

8. Hoe is hierdie nuwe gebod 'n maklike gebod?

Net deur hulle geloof in Jesus Christus is hulle ingesluit en deel hulle in die volkome liefde van God die Vader en God die seun. Net deur hulle geloof is daar vir hulle nooit weer enige straf of oordeel vir enige oortreding van die geboorte van God nie. Net deur hulle geloof skep God in hulle 'n wederliefde uit die liefde wat Hy hulle by insluit en laat deel.

Daarom is hierdie geboorte maklik. Wanneer hierdie geboorte oortree word, is daar geen straf of oordeel nie; Hierdie geboorte maak jou nie deel van God se liefde nie of is ook nie die wyse waarop jy lief word vir God nie. Dit alles doen Jesus as God die Seun deur sy krag as God vir en en jou.

Hy laat jou in God se liefde deel en bly. Daarom kry die gehoorsaamheid aan God 'n totaal nuwe betekenis in gelowiges se lewe. Dit sien ons in die woord "bly in" wat as 'n vaste refrein deur die hele brief loop. "wie sy geboorte gehoorsaam, bly in God en God bly in Hom. Hieraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee."

God gee ons sy Gees wat ons in Christus insluit en alles wat Christus vir ons doen laat deel. God gee ons sy Gees wat ons in God se liefde insluit en laat leef. Dit is wat God se Gees doen. Dit gee aan gehoorsaamheid aan God se geboorte hierdie nuwe betekenis: dit is die wyse waarop ons tuis is in sy liefde. Dit is hoe dit maklik is. Gehoorsaamheid is net 'n manier om tuis te wees en te bly binne God se liefde.

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

9. Hierdie sogenaamde spesiale kinders van God wou nie tuisraak binne God se liefde deur sy gebooie te gehoorsaam nie. Hulle wou nie in God se liefde tuisraak nie. Hulle wou met God self en wie God is en wat Hy as God doen, eie raak.

Hulle wou eie word met God asof hulle deel kry en deel is van wie God self is: God se krag as goddelike krag is hul eie krag; God se lewe as sy eie goddelike lewe is hulle lewe; God se mag as goddelike mag is hulle eie mag en God se kennis as God see goddelike kennis en wysheid is hul eie wysheid.

Dit is hoe hulle Jesus gesien het, nie mens nie nie Skepper nie, maar geestelik die rolmodel hoe om eie met God self en eie met God se eie goddelikheid te word.

Dit is die ironie! Hulle is so eie met God en sy goddelikheid, dat hulle Jesus wat jou tuismaak as mens om God se gebooie as maklike gebooie te gehoorsaam, geminag het as ongeestelikheid, kragteloosheid en leweloosheid.

In hierdie tipe geestelikheid, wat geroem het daarop dat hulle God op 'n baie spesiale manier ken, dit is kennis van God het, was gelowiges vir hulle mense wat God nie regtig geken het nie.

10. Teenoor hierdie minagting vir gelowiges asof hulle nie God werklik ken nie stel Johannes die werklike gemeenskap van gelowiges met mekaar deur geloof in Jesus Christus: "As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons hom ken. Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie. Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God sy doel volkome bereik. (1 Joh. 2:3 -5)

Wie ken God regtig?

Hulle wat eie is met God en glo hulle is een met God in sy krag, lewe en mag, of hulle wat so vervul is met sy liefde, dat hulle sy gebooie gehoorsaam as die wyse waarop hulle in God se liefde tuis is?

Hulle wat God regtig ken, is hulle wat so deel is in sy sy volkome liefde, dat gehoorsaamheid aan sy gebooie die wyse is waarop hulle tuis bly binne sy liefde.

- Dit is hulle wat Christus ken as die mens wat sondaar in hulle plek was, wat só, in Christus se menswees ingesluit, tuis is in God se liefde dat hulle sy gebooie gehoorsaam.
- Dit is hulle wat Christus ken wat hulle in die Vader se volmaakte liefde laat deel, omdat al sukkel hulle nog met hul sondigheid is Christus hul soenoffer, hulle so tuis is in God se liefde dat hulle sy gebooie gehoorsaam.

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

- Dit is hulle wat God se gebooie ken as die maklik gebod sonder straf en oordeel deur Christus se veroordeling in hul plek, wat so tuis is in God se liefde dat hulle sy gebooie gehoorsaam.

Hulle wie so in Christus glo, ken regtig vir God. Hulle wat so eie met God is deur 'n geestelike selfopgemaakte Jesus dat hul eie is met God se goddelikheid, ken nie God nie. Hulle ken nie die Vader nie en hulle ken nie die Seun nie.

11. Johannes se brief wil gelowiges verseker dat hulle kinders van God is. Hy bevestig die lidmate se status en posisie by God in hoofstuk 3 vers 1 só: “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook.”

Dit is waarin hierdie gelowiges besig was om ontwig te word en ontwortel kon word: die sekerheid of hulle kinders van God is.

- Want hulle sukkel met hul sondigheid, terwyl hierdie spesiale kinders van God nie meer met hul sondigheid sukkel nie.
- Hulle is maar net besig met die gebooie van God terwyl die spesiale kinders met God se krag, lewe en mag besig is.
- Hulle ken Jesus net as die Christus wat dit maklik maak om God se gebooie te gehoorsaam, maar die spesiale kinders ken Jesus as iemand wat hulle eie met God en sy goddelikheid maak.

Dit is hoe hulle gewete hulle veroordeel binne hierdie minagting wat binne die kerk oor hulle uitgestort word.

Hoe bring die apostel hulle gewete tot rus? (1 Joh.3:19-21)

Hy doen dit deur te bevestig dat hulle wie in Jesus Christus glo as die Een wat mens vir hulle geword het en vir hulle mens is in hulle plek, is hulle wie die Vader sy kinders noem. Hy bevestig dat hulle wie glo dat Jesus die Seun van God is, self Skepper, een met die Vader, is hulle wat leef in God se liefde. Dit is die ewige lewe met God: om in God se liefde te leef en God te kan liefhê volgens die nuwe maklike Tien Gebooie, die Gebooie sonder straf en oordeel.

Elkeen wie so in Christus glo, ken die Waaragtige God, en is ingesluit in die Waaragtige, – in die Vader se Seun: want Jesus Christus is die ware God en die ewige lewe. (1 Joh. 5:20,21)

12. As gelowiges dan, wat sukkel met hul sondigheid, maar die Tien Gebooie onderhou as die maklike Tien Gebooie vir mense wat sukkel met hul sonde, God se kinders is, wie is hierdie spesiale kinders van God?

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

U moet gerus weer kyk hoe Johannes hierdie sogenaamde spesiale kinders van God beskryf! Johannes stel dat hulle mense is wat in die duisternis leef van broederhaat. (1 Joh. 2: 11) Hy stel dat hulle leef met die gees van die antichris. (4: 3) Hy stel dat hulle nie die Heilige Gees ontvang het nie, al rem hulle daarin dat hulle die mense is wat geestelik is en die sogenaamde geestelike Jesus ken. (4: 2,3) Hy stel dat hulle geestelikheid is niks anders as 'n welvaartsgeestelikheid wat ingesteld is op besit en wêreldse begeertes nie.(2:15)

Maar die belangrikste onthulling oor God se sogenaamde spesiale kinders is dat hulle mense is wat in sonde volhard. Dit is die bedoeling van hoofstuk 3 van hierdie brief. Hierdie hoofstuk gaan nie oor mense wat steeds met hul sondigheid sukkel nie. Dit is hoe dit baie keer verkeerdelik voorgehou word. Dit gaan juis oor die sogenaamde spesiale kinders van God se volharding in hulle identifikasie met God! Om hulle self een en eie te glo met God en God se goddelikheid.

Luister na die volgende teks en toets dit! "Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy uit God gebore is. Hieraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig leef nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie."

13. Dit kan nie in hierdie vers gaan oor sondeloosheid, mense wat nie meer met sonde sukkel nie. Dit is teenstrydig met 1:8 wat stel dat as ons beweer ons het nie sonde nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie.

Dit kan nie beteken dat jou regverdige lewe jou 'n kind van God maak en die ewige lewe gee nie. Dit is teen alles wat in hierdie brief getuig word. Wie in Christus glo is regverdig en het die ewige lewe.

Dit gaan in hierdie sin oor die laaste waarskuwing in die laaste sin van die brief: "Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af." Wie 'n kind van God is, kan nie ook afgode aanbid nie.

Daarom gaan hierdie sin: "Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly", juis oor die onderskeid tussen God se kinders en mense wat glo hulle is God se spesiale kinders. Hierdie spesiale kinders wat gelowiges minag omdat hulle nie geestelik genoeg is nie en nog met die wet van God sukkel, terwyl hulle met God en God se goddelikheid besig is.

Johannes wys dat hierdie spesiale manier waarop hulle kinders van God is, is volharding in sonde. Want die geestelikheid om jou een met God en eie met God se goddelikheid te ervaar, is die moedersonde van Genesis 1. Dit is hoe mense afgode maak en aanbid: deur hulle self eie met God en alles wie god is en wat Hy doen glo en ervaar. Dit is nie hoe 'n mens 'n spesiale kind van God is nie. Dit is hoe jy 'n kind

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

van die duiwel is: deur nie meer in Jesus te glo wie mens en God is nie, maar te glo jy is 'n beter kind van God as hulle wat in Jesus Christus glo. En dan hulle nog te minag vir hulle geloof en hulle tuiswees binne liefde van God!

14. Dit is die enigste wyse waarop ons gewete tot rus kan kom binne hierdie broederhaat!

Hierdie broeders wat ons minag vir ons gesukkel met ons sondigheid, wat ons minag omdat ons tuis geword het in God se liefde vir sondaars, wat ons minag vir ons verbintenisse tot die geboorte van God in die geloof dat dit nou maklik is, is nie kinders van God wat ons minag nie. Dit is kinders van die duiwel.

Hoekom kinders van die duiwel?

Want hulle wil nie glo in God wat mens geword het om met ons mens te wees nie. Hulle wil nie glo dat Jesus is die waaragtige God en die ewige lewe nie. Hulle wil nie tuis word in God se liefde met die Geboorte van God nie. Hulle wil geestelik wees. Een met God en eie met God se goddelikheid so asof dit ware liefde is.

Om een met God en eie met God se goddelikheid te word, is sonde, volharding in sonde, want dit is sonde wat as die werk van God geglo word. Wie volhard om sonde as godsdiens te glo – is 'n kind van die duiwel!

15. Ons moet hierdie onderskeid vind as ons weer binne die gemeenskap van die gelowiges wil leef! Aanvaar ons dat God het spesiale kinders wat een met God en eie met sy goddelikheid is, en gewone kinders van God wat moet sukkel met hul sondigheid, dan is die gemeenskap van die gelowiges verbreek.

Dan sit die meeste van ons gekweld met God en ons self dat ons maar nog net gewone kinders van God is wat niks meer as versukkelde Christene kan wees nie. Want dan is dit mos wie ons is: omdat ons met ons sondigheid sukkel, is ons God se versukkelde kinders.

Dan moet ons terughoudend eenkant kyk na die uitbundige feesvieringe van God se spesiale kinders wat een met God sy goddelikheid as hul eie goddelikheid leef. Dan moet ons mos hulle broederhaat vir ons as ons verdiende loon ontvang!

Is dit nie waar ons vandag is nie?

Ontwrig en ontwortel in ons geloof en geloofsgemeenskap, omdat ons glo ons is God se versukkelde kinders wat in die feesvieringe van God se spesiale kinders ons self eenkant en terughoudend moet gedra nie? Werklike eredienste en aanbidding gaan dan mos oor die spesiale geestelike kinders van God wat hul geestelike Jesus verheerlik: een met God en eie met God se goddelike krag, lewe en mag!

Christus laat ons in God se liefde deel, nie sy goddelikheid nie.

16. die ontdekking wat u vanoggend moet maak is dat daar nie so iets in die kerk kan wees soos God se gewone kinders en God se spesiale kinders nie. Dit is die openbaring wat deur die hele brief van Johannes plaasvind: God het net kinders! Geen spesiale kinders nie!

Die onderskeid wat die Here maak is nie die onderskeid tussen sy kinders en sy spesiale kinders nie. Die onderskeid wat die Here maak is tussen sy kinders en die kinders van die Duiwel. (1 Joh. 3:10) Hulle wat sedert die tyd van hierdie brief deur al die eeue hul self as God se spesiale kinders voorgehou het teenoor God se gewone kinders, is kinders van die Duiwel.

As ons weer die gemeenskap van gelowiges met mekaar wil terugvind uit die ontwrigting en ontworteling van die kerk se geloof, sal ons die onderskeid binne ons kerk tussen die gewone “commen” kinders van God en God se spesiale kinders moet verwerp. Ons sal die onderskeid moet ontdek tussen God se kinders en kinders van die Duiwel. Hulle wat ’n ander geestelike Jesus opmaak as die Here wat God en mens is, sodat hul hulself eie kan maak met God en sy werke.

Eers dan sal ons weer in die gemeenskap van gelowiges, mense wat nog sukkel met hul sondigheid, maar so tuis is in God se liefde dat hul sy nuwe geboorte gehoorsaam, ons self kan vind.

Dan sal ons gesukkel met ons sonde ons solidariteit as gelowiges wees, nie ons skaamte nie. Dan sal ons tuiswees met God se geboorte ons solidariteit wees met mekaar en nie ons vernedering dat ons nie met groter goddelike dinge besig is nie. Dan sal ons sekerheid dat ons ingesluit is in wie Jesus as mens vir ons is, ons solidariteit wees, en nie ons verleentheid dat ons Jesus nie goddelik genoeg is nie. Dan sal ons sekerheid dat Christus se liefde vir ons, is God se liefde vir ons, ons solidariteit wees en nie die rede wees hoekom ons die broederhaat van God se spesiale kinders moet aanvaar nie.

Dan sal ons hierdie broederhaat herken as die haat van die wêreld vir die Here se kerk, en nie die haat van God se spesiale kinders nie!

Om mekaar in broederliefde te vind, sal ons God se sogenaamde spesiale kinders as kinders van die Duiwel moet herken! Dan sal ons weet dat die gode wat ons haat deur sy kinders wat ons haat, is afgode, nie Jesus nie. God se kinders leef in solidariteit met mekaar in God se liefde vir hulle.